CHARL VAN ROOYEN cvanrooy@landbou.com



# Seleksie vir wins is wenresep

Danksy streng wetenskaplike boerderymetodes, doelgerigte seleksie en die akkuraatste veldbestuur denkbaar weet Suider-Afrika se Stoetteler van die Jaar presies waarheen hy op pad is: die uitvoervleismark. Mnr. Johan Styger is 'n "handelaar in gene" en sy vooruitgang steun sterk daarop.

As bedryfsleier wat aan die voorpunt van genetiese verbetering staan en boonop sy kennis mildelik terugploeg, is mnr. Johan Styger nie om dowe neute bekroon as Pick n Pay, *Landbouweekblad* en Breedplan se Stoetteler van die Jaar nie.

Johan, wat internasionaal kan meeding, is die waardige wenner van dié gesogte titel, wat op die afgelope Aldam-vleisbeesskool van die Lewendehawe Registrerende Owerheid (LRF) en *Landbouweekblad* oorhandig is.

Hy besit BTB Simmentalers (Boekenhout Trust Boerdery) en boer op die plaas Schoemansfontein tussen Klerksdorp en Hartbeesfontein in Noordwes, terwyl sy vrou, Annemarie, 'n gastehuis op Klerksdorp het.

Prof. Frikkie Neser, hoogleraar in die departement vee-, wild- en weidingkunde aan die Universiteit van die Vrystaat en beoordelaar vir die kompetisie, beskryf Johan as 'n wetenskap-georiënteerde boer wat daaraan glo om dinge reg te doen. "Johan glo aan saamwerk met wetenskaplikes van oor die wêreld. Trouens, sy toepassing van teeldoelwitte en die gevolglike genetiese neigings plaas hom op die voorpunt van genetiese verbetering in die land en laat hom toe om internasionaal mee te ding."

Hy ploeg dié kennis terug en bied dikwels kursusse in praktiese teling aan.


## SELEKSIE VIR WINS

Johan sê 'n duidelike teeldoelwit is die beginpunt van seleksie vir wins . Om 'n teeldoelwit te formuleer, moet die boer haarfyn weet waar die werklike koste in die boerdery lê.

"Die houkoste van koeie wat nie kalf nie of moeilik kalf, word dikwels onderskat. Koeikuddes se onderhoudsbehoeftes word in menige geval ook nie akkuraat bereken nie."

### PLAASINLIGTING

**LIGGING:** Klerksdorp, Noordwes



**NAAM:** Schoemansfontein

**EIENAARSKAP:** Boekenhout-trust

**VERTAKKINGS:** Simmentalerstoetery

**VELDTIPE:** Vleie, gemengde, natuurlike weiding, bergveld en aangeplante weiding


**GEMIDDELDE REËNVAL:** 630 mm

### KORTOM

- Deur te selekteer vir wins en waardes aan bepaalde eienskappe toe te ken, word daar volhoubaar geboer.
- Die noukeurige monitering van weiding is noodsaaklik vir maksimale benutting sonder oorbeweiding.
- Bulle wat nie die paal haal nie, word geslag om akkurate karkas- en groeidata te bekom en die voeromsettingsverhouding te meet.

Daarom ken hy gewigte toe aan die verskillende rand-en-sent-eienskappe, soos verkoopsgewig, onderhoudskoste en langlewendheid, om 'n winsseleksie-indeks saam te stel. Dan gebruik hy Breedplan se Breed Object-sagteware om die ekonomiese gewigte te bepaal en oor te dra aan die beskikbare teelwaardes. Dit maak dan direkte winsseleksie moontlik. Hierdie tegnologie is al sewe jaar in Suid-Afrika.

Johan het ná matriek 'n graad in siviele ingenieurswese aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Nadat hy hom as siviele ingenieur




REGS: Mnr. Johan Styger en sy Duitse korthaar-Pointers op een van die veldvoertuie waarmee hy op die plaas ry.

LINKS: Simmentalerverse by die spilpunt waarmee Johan sy aangeplante weiding besproei sodat die verse in gunstige toestande kan uitgroei.

ONDER: Twee Simmentalerkoeie en -kalwers in die veld. Die koeie bly heeljaar op die veld.



bekwaam het, het hy in 1981 by 'n raadgewende siviele firma op Klerksdorp begin werk en mettertyd 'n vennoot geword. In 2000 het hy sy eie raadgewende firma op dié dorp begin.

Johan het reeds as student in 1977 saam met sy pa, Sampie, by Rooiberg tussen Bela-Bela en Koedoeskop begin boer. 'n Familielid het in 1965 Simmentalers ingevoer toe die rand nog sterk was. Sampie het later ook Simbras geteel en uit Namibië ingevoer om hul genetiese basis te verbreed.

Weens werksdruk het Johan die plaas Schoemansfontein in 2003 gekoop om nader aan sy boerderybelange te wees. Hy het op Simmentalers besluit en boer vandag nog met dié ras.

## 'HANDELAAR IN GENE'

Johan noem homself 'n handelaar in gene. Die grootste klem is op die teel en verkoop van bulle; uiteraard ook topklas- vroulike diere. Daarom boer hy wetenskaplik.

"Ek is nie 'n wetenskaplike nie, maar het 'n agtergrond as ingenieur en projekbestuurder wat bestuurstelsels ontwikkel. Ek kan dus monitor waarmee ek besig is en weet waarheen ek op pad is."

Alles begin by veldbestuur. Hy het hoofsaaklik vier veldtipes: Vleie, gemengde, natuurlike weiding, bergveld en aangeplante smutsvingerweiding. Elke tipe se produktiewe vermoë is anders; gevolglik verskil die belading.

Hy werk die belading nie in grootvee-eenhede (GVE) per hektaar uit soos menige ander veeboer nie, maar volgens die akkurater belading van kilogram bees per hektaar. Die huidige belading is sowat 80 kg/hektaar. Sedert hy die veldbelading agt jaar gelede só begin uitwerk het, het sy plaas se produksie- en dravermoë met sowat 15% toegeneem.

"Elke jaar, op 1 Julie, bekyk ons die plaas se toestand, en besluit op meer of minder kilogram per hektaar. Die huidige belading is sonder die bemesting van die aangeplante weidings, maar ons mikpunt is om die belading te verhoog tot 120 kg/ha met die gedeeltelike bemesting van die aangeplante weidings."

Johan doen semi-intensiewe beweiding. Die helfte van elke veldtipe word om die beurt elke twee jaar vir 'n volle groeiseisoen laat rus om weer voluit te groei.

"Die winsdrywers in beesboerdery is veldbelading. Dit kom neer op maksimum volhoubare benutting, maar beslis nie oorbelading en oorbeweiding nie."

## MONITOR AKKURAAT

Dit is baie maklik om weiding te monitor. As die gras op een helfte van die plaas voor 1 Julie op is, is daar te veel beeste en verminder hy hulle. As daar teen 1 Julie nog baie gras is, beteken dit hy kan ekstra speenkalwers uithou om as osse groot te maak. Dit verhoog die inkomste. Johan sê die inkomste uit die verkoop van osse is deel van sy nood-spaarrekening vir onvoorsiene uitgawes.

**LBW VRA ...**

### MNR. JOHAN STYGER

**DIE BESTE RAAD WAT JY GEKRY HET?**
Ek het by mnr. Reini Rusch van Namibië geleer om op vrugbaarheid te konsentreer - dan sal die resultate volg.

**WAT IS DIE GROOTSTE FOUT WAT JY IN JOU BOERDERY GEMAAK HET?**
Om my te steur aan politieke geraas en nie aanliggende grond te koop nie.

**WIE IS JOU MENTOR?**
Dr. Michael Bradfield van Breedplan. Ek het by hom geleer dat solank daar genetiese variasie is, ons kan aanhou verbeter.

**WAT IS JOU GROOTSTE UITDAGING IN STOETBOERDERY?**
Om kommersiële beesboere van die ekonomiese waarde van goeie teelmateriaal te oortuig.

**EN DIE GROOTSTE GELEENTHEDE?**
Handelsmerkvleis op die uitvoermark.

**WATTER TEGNOLOGIE IS ONMISBAAR?**
Breedplan se genetiese evaluasies.

Hy weeg op 30 April alle beeste op die plaas om presies te bepaal wat die kg/ha-belading is. Dan kyk hy of die veld verbeter, wat 'n belangrike mikpunt is.

Hy het ook weiding onder 'n spilpunt waar hy die verse voorberei om op veertien maande gedek te word. Hierdie weiding bestaan uit vyf meerjarige spesies, naamlik kropaar-, langswenk- en raaigras en twee soorte klawer. "Dit is goedkoper om die beeste na die gras toe te neem as om gras te sny, te baal en na die beeste toe te neem," sê Johan.

Hierdie weiding word vir agt maande van die jaar gebruik en die verse bly daar vandat hulle gespeen is totdat hul dektyd van 42 dae verby is. Daarna gaan hulle as 'n kontemporêre groep na 'n kamp met natuurlike weiding. Hulle bly in die groep totdat hulle gekalf het en vir die tweede keer dragtig is. Dan gaan hulle na die volwasse koeigroep. ▶






**LINKS:** 'n Goeie, jong bul wat in 'n intensiewe fase D-toets afgerond word sodat hy as stoetbul gebruik of verkoop kan word.

**REGS:** 'n Vers op aangeplante, besproeide weiding, waar hulle gehou word vandat hulle gespeen is totdat die dektyd verby is.

## SELEKSIE VIR VRUGBAARHEID

Johan sê vrugbaarheid is ononderhandelbaar. Elke vroulike dier moet jaarliks 'n speenkalf lewer, anders word sy afgerond en geslag.

Die tussenkalfperiode (TKP) is nie 'n genetiese maatstaf nie, maar net 'n maatstaf vir goeie bestuur. Hoewel die verse twee weke voor die volwasse koeie kalf, is die TKP van die hele kudde van 180 vroulike diere nogtans 'n uitstekende 381 dae. Die kudde bestaan uit 145 koeie en 35 verse. Dus word 35 koeie elke jaar met die beste verse vervang om die genetiese vordering te versnel, "want die nuwes is mos beter as die oues".

Hierdie streng seleksie vir vrugbaarheid begin nou wys in die teelwaarde vir dae-tot-geboorte, wat die enigste metode is om ware genetiese vordering te bepaal. Sy kudde s'n begin nou "soos 'n klip val", wat wys hy doen die regte dinge. Die dae-tot-geboorte-teelwaarde tel die dae vandat die dektyd begin totdat die koeie kalf. Hoe korter, hoe beter. Dit verskil dus van die TKP, wat die dae tussen geboortes meet. Om weens die droogte bulle later in die dektyd of selfs glad nie na die koeie te neem nie, kan die TKP erg benadeel.

Johan sê daar is nie noodwendig onvrugbare koeie nie, maar koeie wat minder vrugbaar is. "Jy moet in die eerste plek bulle gebruik wat dogters teel wat baie vrugbaar is. Breedplan se genetiese stelsel stel 'n boer in staat om akkuraat daarvoor te selekteer." Hy het onlangs 'n saadaandeel in 'n bul met een van die beste beraamde teelwaardes vir dae-tot-geboorte in Suid-Afrika gekoop: Salerika Milo, wat deur mnr. Jan Hattingh van Delareyville geteel is en aan 'n kommersiële teler, mnr. Martin Swart van Louwna, verkoop is. Hierdie beraamde teelwaarde (-4,7) is in die top-1% van dié ras in Suid-Afrika. Met dié teelmateriaal wil Johan sy kudde se dae-tot-geboorte vinniger verbeter. Hy gaan sy beste vroulike diere met dié bul se semen kunsmatig insemineer om genetiese vordering te versnel.

## REPRODUKSIE EN PRESTASIE

Johan selekteer sy beste bulle en verse eers op 400 dae. Niks word dus vooraf uitgeskot nie, maar almal word volledig getoets en gemeet op grond van geboorte-, speen- en jaaroudgewig, karkaseienskappe, heuphoogte, lengte van lyf en bulle se skrotumomtrek.

Danksy volgehoue metings, wegings en seleksie is daar 'n merkbare genetiese neiging dat geboortegewig daal sonder om die gemak van geboorte maternaal te benadeel. Hy sê geboortegewig is direk aan geboortegemak gekoppel, maar 'n koei se vermoë om maklik te kalf, is negatief met geboortegewig gekorreleer.

"Kalwingsgemak is beter met kleiner kalwers, maar die vroulike diere wat in die kudde agterbly, het waarskynlik 'n kleiner bekkenopening omdat hulle self klein kalwers was.

"Ons kan nie roekeloos geboortegewig najaag sonder om te kyk na die vermoë van die vroulike diere om maklik te kalf nie.

"As jy nie versigtig selekteer nie, kan jy kleiner kalwers kry, maar geboorteprobleme kan mettertyd in die kudde begin voorkom. Om korrek te selekteer, gebruik ek Breedplan se seleksie-indekse wat 'n ekonomiese opweging van alle beskikbare teelwaardes is."

Hy gebruik gevolglik Simmentaler-voerkraalindekse wat geboortegemak, gewig op 400 dae en kleiner koeie bevoordeel.

Ná hierdie 400 dag-afsnypunt haal sowat 10% van die verse nie die paal op fenotipe nie, maar die belangrikste seleksie is dat die verse binne 'n dektydperk van 42 dae (twee hittesiklusse) op 14 maande dragtig moet word. Verse wat dit nie regkry nie, word uitgeskot.

## TOETS VIR SAGTE VLEIS

Bulle word in 'n intensiewe fase D-toets op die plaas of in die beesgenomikaprojek se RFI-toets in die bultoetssentrum op Armoedsvlakte geëvalueer.

Ongeveer 50% van die bulle word fenotipies uitgeskot en 10% op ekonomies indekse. Bulle wat nie die paal haal nie, word in 'n voerkraal afgerond en dan geslag om akkurate karkas- en groeidata te bekom en die voeromsettingsverhouding te meet sodat Johan sy klante kan adviseer oor hoeveel méér wins sy teelmateriaal vir hulle kan maak.

Selfs die bulle wat uitgeskot word, speel dus 'n rol in die versameling van data. Johan sê daar is slegs een manier om vleissagtheid en eetgehalte te meet, en dit is om die karkas te toets. Daarom het hy 'n ooreenkoms met 'n slagplaas wat bereid is om sy karkasse te verkoop waarvan 'n gedeelte van die oogspier uitgesny word. Hierdie vleismonster word dan na die Landbounavorsingsraad se vleislaboratorium gestuur, waar die marmering, sagtheid en eetgehalte bepaal word.

Met dié inligting tot Johan se beskikking kan hy voorspel watter van sy teelbulle se nageslag die beste vleisgehalte teel.

Die bulle wat as teelbulle of vir verkoop aan ander telers geselekteer word, word op 400 dae met 'n ultrasoniese toestel geskandeer om inligting oor die oogspieroppervlakte, marmering en rib- en rugvetbedekking te kry.

"Goeie moedereienskappe en reproduksie is hoogs gekorreleer met goeie ribvetbedekking, maar negatief gekorreleer met uitslagpersentasie. Hoe méér vet op die ribbes, hoe méér karkasvet word afgesny, wat die uitslagpersentasie en karkasgewig verlaag.

"Die enigste manier om met ons seleksieprogram vooruitgang te maak, is met 'n seleksie-indeks om hierdie negatiewe korrelasie te bestuur en dus die middeweg te handhaaf," verduidelik

**"Ek is nie 'n wetenskaplike nie, maar ek boer wetenskaplik danksy my agtergrond as ingenieur ... Dus kan ek monitor waarmee ek besig is en weet waarheen ek op pad is."**

:om is metings, wegings en algeme-
e rekordhouding belangrik.

meet hy heuphoogte? Johan sê
ord oor die algemeen vir groei-
oorbeklemtoon in Suid-Afrika,
t, plat beeste lei. Hy meet gevolglik
ogte om inligting te hê om korrek
om die raamgrootte te beperk.
ikaanse Angusgenootskap het só
aag om die heuphoogte te verlaag
die koeigewig te laat daal. Die
s nou breër. Dit is die tipe bees
veldtoestande reproduseer, wat
daging in Suider-Afrika is.

## SE VORDERING

le van genetiese vordering is repro-
erdom belangrik. Daarom gebruik
vende bulle reeds op 14 maande
en die verse kalf op 23-24 maande
tiese vordering te versnel.

jaar oue stoetkoei is geskiedenis
die pad na die toekoms nie. Die eerstekalfkoeie wys die pad waarheen ek geneties onderweg is."

Oor sy visie vir die toekoms vertel Johan dat die mark baas is. Om as beesboer in Suider-Afrika te oorleef, moet vleis uitgevoer word. Hierdie uitvoermarkte vereis egter groter karkasse as waaraan Suid-Afrikaanse beesboere gewoond is, omdat die meeste karkasse ontbeen word sodat die snitte in 'n kartondoos verpak en verkoop kan word.

"Daarom boer ek met Simmentalers, die ideale bees om die voerkraal-karkasgrootte te verhoog sonder om uitslagpersentasie weens oorvet beeste in te boet. Ek slaag daarin om my beeste se karkasgrootte met seleksie-indekse en die beskikbare genetiese instrumente te laat toeneem sonder om die koeie groter te maak. Dit behels dubbele kurweknakkers, die verandering van 'n ras se standaard-groeikurwe waardeur produksie verhoog word sonder om die begin- en eindgewig te verhoog.

"Ek selekteer dus vir 'n hoë persentasie vleis wat bemark kan word," sê hy. **LBW**

NAVRAE: Mnr. Johan Styger, e-pos: **styger@btbsimmentalers.co.za**; sel **082 460 8443.**

lante weiding bestaan uit vyf meer-
soorte, naamlik kropaar-, langswenk-
en twee soorte klawer. Beheerde

